



Vak: Graad 6 Afrikaans

Onderwerp: Afrikaans: Kwartaal 1 - Mini-Eksamen

Totaal: 75 Punte

1. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Homofone klink dieselfde en as jy die woord **ruik** reg uitspel, klink dit nie dieselfde nie.

Ruik is 'n **ronde** klank.

2. B: Verkleinwoorde

4 punte

Verduideliking:

Die **agtervoegsel -kie** word gebruik om die **verkleinwoord** te vorm van die woorde **horing**, **koning** en **doring**.

3. A: Suid-Afrika

4 punte

Verduideliking:

Die **rand** is Suid-Afrika se geldeenheid.

Rant kan ook beteken om op die kant van iets te wees, soos byvoorbeeld:

Ek staan op die **rant** van die rotse en kyk oor die berge.

4. B: Snoer.

2 punte

Verduideliking:

'n **Snoer pêrels** ("pearls") word ook soms 'n **halssnoer** genoem, omdat "hals" "nek" beteken.

5. waar

2 punte

Verduideliking:

Lettergrepe ("syllables") speel 'n baie belangrike rol in hoe 'n woord in Afrikaans gespel word, terwyl **klankgrepe** ("sound syllables") bepaal hoe 'n woord **uitgespreek** ("pronounce") word, byvoorbeeld:

• **Klankgrepe** (sound syllables): reën - **ree-heen**

• **Lettergrepe** ("syllables"): duidelik - **dui-de-lik**



6. no. | mev.

4 punte

Verduideliking:

Afkortings ("abbreviations") word gebruik om woorde en uitdrukkings ("expressions") korter te stel ("to shorten"). Die **eerste lettergreep** ("syllable"), soms plus die **eerste letter van die volgende lettergreep** word gebruik, byvoorbeeld:

- nommer - **no.**
- mevrou - **mev.**

7. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Die voorvoegsel **on-** beteken **nie**, soos in **ondier**.

Die voorvoegsel **ont-** beteken **wegneem of begin**, soos **onthoof** of **ontkiem**.

8. eet | heerlik

4 punte

Verduideliking:

Die woorde "smaaklike koekies" is 'n **leidraad** ("clue") wat help om die korrekte ("correct") keuses ("choices") te maak.

Die werkwoord "pluk" en die bywoord "kwaad" sal nie pas ("suit") by smaaklike koekies nie.

9. hare

3 punte

Verduideliking:

Oupa se **hare** is al vroeg grys.

Die antwoord is ook 'n **homoniem** wat wys na die besitting van 'n meisie, byvoorbeeld:

Die penne en sakkie is **hare**.

10. roei

3 punte

Verduideliking:

Die hoofwerkwoord ("verb") dui die **aksie** ("action") of handeling in die sin aan. Die aksie in die sin is: roei.

Die woord, **roei**, is die werkwoord ("verb").

11. Bloedmin. | bloedmin

2 punte

Verduideliking:

Om letterlik min bloed te hê, is baie moeilik en sleg vir jou gesondheid. Die woord, **bloedmin**, beklemtoon hoe sleg die situasie is as jy baie min het of baie min kan doen.



12. pos | pos

4 punte

Verduideliking:

As briewe en pakkies weggestuur word, sê ons dit word **gepos**.

Al die briewe en pakkies saam word die **pos** genoem. So die **pos** word **gepos**.

13. gister

3 punte

Verduideliking:

'n Bywoord ("Adverb") van tyd ("time") beskryf **wanneer** die hoofwerkwoord ("verb") se aksie ("action") plaasvind.

Gister ("yesterday") dui die tyd ("time") aan wanneer iets **gebeur** het.

14. onwaar

2 punte

Verduideliking:

'n **Baie skerp** mes ("knife") word **vlymskerp** genoem.

15. D: hy hardloop weg

2 punte

Verduideliking:

Die rieme neerlê beteken om weg te hardloop.

16. Rowers. | Rowers | rowers

3 punte

Verduideliking:

'n Versamelnaam groepeer dinge van **dieselfde soort bymekaar**. Die versamelnaam **bende** groepeer dus die rowers bymekaar en vorm die uitdrukking: "**n Bende rowers**."

17. A: Dolverlief.

4 punte

Verduideliking:

Intensiewe vorme is **byvoeglike naamwoorde** ("adjectives") wat gebruik word om 'n byvoeglike naamwoord te versterk ("strengthen"), soos **dolverlief**, wat **baie verlief** beteken.

18. swaar | teëspoed | probleme | moeilikheid | teenstand

2 punte

Verduideliking:

Dit is moeilik om teen die wind te loop of bv. 'n bal te skop.
As jy dus die wind van voor kry, beteken dit dat jy **swaarkry**.

19. B: Die hoeveel kilometer wat jy per uur ry.

4 punte

Verduideliking:

Die afkorting ("abbreviation") **km/h** gee inligting oor **hoeveel kilometer per uur** ("per hour") jy ry of kan ry ("you drive or can drive").



20. speletjies | goed

4 punte

Verduideliking:

Rekenaarspeletjies is 'n lang woord, maar dit bly een woord.

Die woord **skottelgoed** beteken **dishes**.

21. ge-ëet | ge-ëet. | ge-eet | ge-eet.

3 punte

Verduideliking:

'n Deelteken op 'n vokaal ("vowel") wys altyd **waar 'n lettergreep begin**, byvoorbeeld:

- geëet - ge-ëet
-

22. C: koffie ("coffee")

4 punte

Verduideliking:

Die onbepaalde lidwoord ("artical") "'n" kan nie saam met dié woord gebruik word nie.

23. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Die reël ("rule") vir die afkorting ("abbreviation") van die **dae van die week** is heel eenvoudig ("very simple"):

Slegs die **eerste twee letters** van die dagnaam word gebruik om die betrokke woord af te kort ("to abbreviate the word in question"). Dis dus:

- **Ma.** (Maandag)
- **Di.** (Dinsdag)
- **Wo.** (Woensdag)
- **Do.** (Donderdag)
- **Vr.** (Vrydag)
- **Sa.** (Saterdag)
- **So.** (Sondag).

Die reël werk **konsekwent** ("consistent") en sodoende word spelling vergemaklik ("facilitate").



24. wolkomers | kniekomers | piekniekkomers | hondekomers | winterkomers |
donskomers

3 punte

Verduideliking:

Die hond se komers noem ons 'n **hondekomers**.

Ouma het 'n **kniekomers** vir voor die TV.

25. -baar | baar

3 punte

Verduideliking:

Die agtervoegsel **-baar** word by die **basiswoord sig** gevoeg om die nuwe woord **sigbaar** te vorm. **Sigbaar** beteken om gesien te kan word.

Totaal: 75 Punte

